

NUUSBRIEF

Kwartaal 3, 2026



So trots soos 'n pou!

Ons het hierdie kwartaal 4 poue gekry...of sal ek sê hulle het Klein Phisantekraal gekry. Hulle geniet die speelarea en die gebreekte mielies wat soggens bedien word. Die mannetjies pronk en draai dan stadig in die rondte om seker te maak die vroulike geslag sien elke veer raak!

Ek voel ook soos daardie pou wat so pronk as ek kyk na die kleuters se groei en ontwikkeling. Dit is besonders om te sien hoe hulle vandag met soveel meer selfvertroue praat, sing, dans, speel en nuwe uitdagings aanpak.

Elke klein tree vorentoe en klein oorwinnings wat dalk vir ander onbenullig lyk, is vir ons 'n groot prestasie.

My hart bars van trots oor elke kleuter en die mensies wat hulle besig is om te word.

Corneli xx

Verjaarsdae wat kom

23 November
Juffrou Juané

**Loer gerus op
bladsy 4 na die foto
van die pou!**



ALLES EN NOG WAT



Van's Views: Bye

Ons kleuters het meer geleer oor die by se liggaam, wie almal in 'n byekorf woon en watter belangrike rol elkeen speel. Ons ontdek hoekom hierdie klein goggatjies so ongelooflik belangrik is vir plante, blomme, kos en selfs ons oorlewing op aarde. Dit was 'n prettige, interaktiewe aanbieding vol ontdekking en pret.



EduFunZa: Plante en Suurstof

Ons kleuters het 'n leersame aanbieding oor plante en suurstof geniet. Hulle het geleer dat plante suurstof produseer wat mense en diere nodig het om asem te haal, en dat plante 'n belangrike rol in die natuur speel. Hulle het ook meer geleer oor die versorging van plante, diere, insekte en die belangrikheid daarvan om ons natuurlike omgewing te beskerm. Elke kleuter het sy eie spekboompie geplant. Hulle was opgewonde om hul plantjies huis toe te neem en het op 'n prettige manier geleer hoe hulle kan help om die natuur en ons planeet te bewaar.

ALLES EN NOG WAT



Kuns- en Wynveiling

Ons jaarlikse Kuns- en Wynveiling was weereens 'n groot sukses. Elke kind het met groot entoesiasme sy of haar eie unieke kunsprent geskep, wat tydens die veiling uitgestal is. Die hele skool het ook saamgewerk aan 'n groot kunswerk, geïnspireer deur Vincent van Gogh se bekende "Starry Night".

Die ouers het met groot entoesiasme op die verskillende wyne gebie – partykeer só driftig dat 'n mens sou dink daar is 'n goue bottel op die spel!

Dankie aan elke ouer se aandeel aan ons veiling se sukses.





La Leche League
South Africa

llisa.org

Kom ons help jou borsvoed!

“ 'n Pasgebore baba het 3 behoeftes:

- Warmte in die arms van sy mamma
- Kos uit haar borste
- Veiligheid in die wete van haar teenwoordigheid. *

Bors-voeding bevredig al 3.”




Kontak jou plaaslike vrywilligers vandag!

Caroli - 083 631 6863

Tanya - 071 235 5988

*Dr. Grantly Dick-Read





Vars GEBAK • MET LIEFDE GEMAAK • VIR ELKE GELEENTHEID


 GROOT CHOC CHIP KOEKIES ♥ R15 elk ♥ 4 vir R55 ♥ 6 vir R80 ♥ 12 vir R150 Vegan opsie beskikbaar!	 VANIELJE KOLWYNTJIES ♥ R20 elk ♥ 6 vir R110 ♥ 12 vir R210 ♥ 24 vir R400 MINI KOLWYNTJIES ♥ R10 elk ♥ 12 vir R100 ♥ 24 vir R190	 LUUKSE SJOEKOLADE GANACHEKOEK R695 Perfek vir verjaardag, spesiale geleentheid of sommer net omdat!
---	---	---

AFHAAL: Kenridge

BESTELLINGS VIA WHATSAPP: Juané - 084 206 3399

BESTEL ASSEBLIEF MINSTENS 2 DAE VOORUIT.

Danke dat jy planslik ondersteun!





Gelukkige Verjaarsdag



Juffrou Mia

30 September

BEL[♡]VED
Photography

Professionele foto's van Klein Phisantekraal Preprimêr se funksies en geleenthede word
geneem deur Tiana Smith van [Beloved Photography](#).



MATTRESS, PILLOW AND DUVET PROTECTORS




Problem?

**Asthma? Ongoing sneezing? Stuffy or runny nose?
Skin rashes? Itchy or watery eyes? Incontinence?
Need effective mattress protection?**

Solution!

Fit **DreamGuard** – comfortable, fluid-proof and breathable bed linen that effectively prevents symptoms of mite-related allergies. Ideal as a protective barrier for mattresses in cases of adult incontinence and during children's potty training.



For enquiries phone 021 933 2109 or e-mail info@dreamguard.co.za

Place orders at www.dreamguard.co.za

MADE IN SOUTH AFRICA



ALLERGY INFORMATION

HOW DO MOST ALLERGIES START?

House dust mites are microscopic insects related to spiders and ticks and are a major cause of many allergies. Millions of mites live in our households, but especially in mattresses and bedding. Here they find a warm and humid environment where they can feed off the dead skin cells of our bodies. Their excretions are considered one of the most common allergens for human beings. An unprotected pillow or mattress can contain up to 10% of its own weight as dead or living mites and their excretions after just a few years of use!

WHO IS AT RISK?

We are all at risk, but young children who are exposed to high concentrations of house dust mite allergens, can increase their risk of suffering from an allergy, particularly asthma, at a later stage in life. Children in families with known allergies are at higher risk.

WHAT ARE THE TYPICAL SYMPTOMS RELATED TO MITE ALLERGIES?

The exposure to mite allergens throughout the night can contribute to:

- Early morning asthma (increased wheezing, coughing, chest tightness)
- Allergic rhinitis (sneezing, itchy, stuffy or runny nose)
- Allergic conjunctivitis (itchy, red and watery eyes)
- Eczema (skin rash, itchiness or blistering skin reactions)


HOW DOES DREAMGUARD HELP?

The Allergy Society of South Africa and the University of Cape Town's Lung Institute recommend breathable mattress, pillow and duvet covers with mite-impermeable characteristics. Reducing exposure to house dust mite allergens is effectively achieved by creating a barrier. The lightweight fabric offers full protection against allergens (mite excretions). It is also breathable and comfortable when in direct contact with the skin. The microfibre polyester fabric is hypo-allergenic and soft, making it a non-intrusive and protective layer wherever it is used.

WHAT ARE THE OTHER PROTECTIVE BENEFITS OF DREAMGUARD?

DreamGuard mattress covers are suitable for dermatitis sufferers and offer mattress protection against adult incontinence and during potty training. Take DreamGuard covers when travelling to use as added protection over existing bedding in rented accommodation.

ALLES EN NOG WAT



Konsert

'n Konsert is soveel meer as net 'n vertoning - dit is die hoogtepunt van weke se oefen, lag en leer! Dit gaan oor groot drome, groot glimlagte en kleuters wat al hoe meer in hul self begin glo!



ALLES EN NOG WAT



Erfenisdag

Orals kon ons groen Springboktruie sien en selfs 'n stukkie helder Shweshwe lap! Die reuk van 'n gebraaide worsie op die kole hang in die lug terwyl ons saam ons pragtige erfenis vier. Vandag vier ons nie net ons land se kleure en kultuur nie, maar ook die mense, tradisies en hart wat Suid-Afrika so besonders maak. Klein Phisantekraal is trots Suid-Afrikaans!



MOVING MADE EASY



✓ Fast. Reliable. Affordable.

HOME & OFFICE REMOVALS



HOME
MOVES



OFFICE
MOVES



COURIER
SERVICES



TMC
THE MOVING CREW

*Moving
made easy*

063 443 8990

 www.themovingcrew.co.za

 The Moving Crew

HELPING YOU TRANSITION SMOOTHLY TO YOUR NEXT CHAPTER

ALLES EN NOG WAT



Kaalvoet-kindwees

Kaalvoet loop is baie belangrik vir kleuters se ontwikkeling omdat dit hulle voete en sintuie op 'n natuurlike manier stimuleer.

Wanneer kleuters kaalvoet loop, voel hulle verskillende oppervlaktes soos gras, sand en klippe, wat help met sensoriese ontwikkeling, balans en koördinasie. Dit versterk ook die klein spiere in die voete en bene en help kinders om hul liggaam en bewegings beter te beheer.


Kaalvoet aktiwiteite gee kleuters die geleentheid om vrylik te beweeg, te ontdek en selfvertroue te ontwikkel, terwyl hulle sommer ook die natuur geniet.

So trek uit daardie skoene en loop kaalvoet!



ASSISSTENTE

Kwartaal 4



Tannie Nita - Plaasmuisklas



Tannie Lena - Eendjieklas



Tannie Hemelda - Skapieklas



Tannie Noby - Bytjieklas

BELANGRIKE DATUMS

Oktober

- 06** Skole open
- 07** Prof Plof besoek ons
- 17** 2027 kleuters
Ontmoet-jou-juffrou-
dag! Asook ons
SPELETJIES DAG BY DIE
SKOOL

November

- 04** *Geen skool en nasorg.
"Stem" dag. Munisipale
verkiesing.*
- 18** Gradeplegtigheid
(Graad R)
- 25** Graad R:
Reptielvertoning
Skapies en Eendjies:
Giraffe House uitstappie
- 26** Markdag 4

Desember

- 03** Kerspartytjie
- 09** Skole sluit 10:15
- 15** *Nasorg sluit 14:30*

